Die WKKK en die departementele amptenare is daartoe verbind om die projekte en programme wat in hierdie Jaarlikse Prestasieplan uiteengesit word, ten uitvoer te bring deur die benutting van die hulpbronne tot ons beskikking. Ons sal ook voortgaan om vennootskappe met die Departement van Vervoer en Openbare Werke en die Departement van Kultuursake en Sport aan te gaan om ons onderskeie inisiatiewe te verbeter en uit te brei.

Die Kommissie sal meer konsultasiesessies met belanghebbendes hou om nuwe rolspelers te lok en sodoende nuwe vennootskappe met plaaslike entrepreneurs en die media te sluit. Die sigbaarheid van die Kommissie, veral in die gemeenskappe waar hy werksaam is, is onontbeerlik vir die ontwikkeling en volhoubaarheid van kultuur en die ontginning van nuwe geleenthede.

Ek wil graag my dank uitspreek teenoor die Wes-Kaapse Minister van Kultuursake en Sport, me. Anroux Marais, vir haar leiding en ondersteuning, die lede van die Staande Komitee vir hul toesighoudende leiding, die amptenare van die Departement van Kultuursake en Sport vir hul hulp, en my mede-kommissielede vir hul ondersteuning en die professionele manier waarop hulle sake doen.



Mandla Mbothwe

Voorsitter: Wes-Kaapse Kultuurkommissie

Namens die Rekenpligte Gesag

Amptelike aftekening

Dit word hiermee gesertifiseer dat hierdie Jaarlikse Prestasieplan:

- opgestel is deur die bestuur van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie onder leiding van die Minister.
- alle relevante beleide, wetgewing en ander mandate waarvoor die Wes-Kaapse Kultuurkommissie verantwoordelik is, in ag neem.
- 'n akkurate weergawe is van die impak, uitkomste en uitsette wat die Wes-Kaapse Kultuurkommissie gedurende die 2022/2023-boekjaar gaan nastreef.

Brenda Rutgers:
Hoof- Finansiële Beamppte



Mandla Mbothwe:
Voorsitter: WKKK



Guy Redman:
Rekenpligtige Gesag: DKS



Goedgekeur deur:
Anroux Marais:
Uitvoerende Gesag van die WKKK



Inhoudsopgawe

Deel A: Ons mandaat

1.	Grondwetlike mandaat	6
2.	Wetgewende en beleidsmandate	7
3.	Institusionele beleide en strategieë oor die vyfjaarbeplanningstydperk	8
3.1	Tersaaklikehofbeslissings	9

Deel B: Ons strategiese foku

4.	Situasionele analise	10
4.1	Eksterne omgewingsanalise	10
4.2	Interne omgewingsanalise	11

Deel C: Meting van ons prestasie

5.	Institusionele programprestasie	13
6.	Verduideliking van beoogde prestasie oor die medium termyn	15
7.	Hulpbronorweging	16
8.	Opedateerde sleutelrisiko's	17
9.	Infrastruktuurprojekte.....	17
10.	Openbare-privaat vennootskappe	18

Deel D: Beskrywing van tegniese aanwysers (BTA) 19

Bylaes tot die Jaarlikse Prestasieplan 22

Akronieme

RG	Rekenpligtige Gesag
OGSA	Ouditeur-generaal van Suid-Afrika
BSSEB	Breëspektrum swart ekonomiese bemagtiging
HFB	Hoof- Finansiële Beampte
DKS	Departement van Kultuursake en Sport
DORB	Direktoraat Ondernemingsrisikobestuur, Departement van die Premier
DGV	Departement van Gemeenskapveiligheid
DVOW	Departement van Vervoer en Openbare Werke
OIB	Ondernemingsinhoudbestuur
UOWP	Uitgebreide Openbarewerkeprogram
EQPRS	Elektroniese kwartaalike prestasieverlagstelsel
ORB	Ondernemingsrisikobestuur
ORBEK	Ondernemingsrisikobestuur-en-etiekkomitee
RBPI	Raamwerk vir die Bestuur van Programprestasie-inligting
LUR	Lid van [Provinsiale] Uitvoerende Raad (Provinsiale Minister)
MTUR	Mediumtermyn-uitgaweraamwerk
NKR	Nasionale Kunsteraad
NTR	Nasionale Tesourieregulasies
OOW	Openbare Ouditwet
WOFB	Wet op Openbare Finansiële Bestuur
PAD	Projekaanvangsdokument
POPI	Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting
PTI	Provinsiale Tesourie-instruksies
BTA	Beskrywing van tegniese aanwysers
GBBP	Gebuiersbatedbestuursplan
VIP	Visie-geïnspireerde prioriteite
WKKK	Wes-Kaapse Kultuurkommissie

Deel A: Ons mandaat

1. Grondwetlike mandaat

Artikel	Direkte verantwoordelikheid van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie
Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996	
Artikel 30: Taal en kultuur	Die WKKK fasiliteer geleenthede vir die mense van die Wes-Kaap om hul taal- en kultuurregte uit te oefen deur middel van programme en projekte wat hy aanbied en ondersteun.
Artikel 31: Kultuur-, geloofs- en taalgemeenskappe	Die WKKK moet verseker dat sy programme en projekte die kulturele diversiteit van die bevolking in die Wes-Kaap respekteer.
Artikel 41: Beginsels van samewerkende regering en interregerings-verhoudings	Die WKKK werk saam met alle sferes van die regering ten einde sy mandaat uit te voer.
Bylae 4: Funksionele gebiede van konkurrente nasionale en provinsiale wetgewende bevoegdheid	Kultuursake: <ul style="list-style-type: none"> Die WKKK werk nou saam met die nasionale Departement van Kuns en Kultuur en geassosieerde staatsliggame ten opsigte van samelopende kuns-, kultuur- en erfenisaangeleenthede.
Artikel 81	Die WKKK moet beleide aanvaar en implementeer wat die welsyn van die inwoners van die Wes-Kaap bevorder en handhaaf. Dit sluit beleide in wat die volgende wil bereik: <ul style="list-style-type: none"> die bevordering van respek vir die regte van kultuur-, geloofs- en taalgemeenskappe in die Wes-Kaap; en die beskerming en bewaring van die natuurlike historiese, kultuurhistoriese, argeologiese en argitektoniese erfenis van die Wes-Kaap tot voordeel van huidige en toekomstige geslagte. <p>Die WKKK verseker dat die DKS in die kulturele behoeftes van gemeenskappe in die Wes-Kaap voorsien, soos deur wetgewing voorgeskryf..</p>
Artikel 195: Basiese waardes en beginsels wat openbare administrasie beheer	Amptenare van die DKS moet die bepalinge van Artikel 195 nakom. Hierdie Artikel beskryf die demokratiese waardes en beginsels wat openbare administrasie beheer. Artikel 195(1) (b) vereis die bevordering van die doeltreffende, ekonomiese en doelmatige benutting van hulpbronne. Dit impliseer dat programme wat in die openbare sektor aangebied word, die maksimum voordele teen die laagste moontlike koste behoort te bied.
Grondwet van die Wes-Kaap, 1998 (Wet 1 van 1998)	
Artikel 70	Provinsiale wetgewing moet voorsiening maak vir die stigting en redelike befondsing, binne die Wes-Kaapse Regering se beskikbare hulpbronne, van 'n kultuurraad of -rade vir 'n gemeenskap of gemeenskappe in die Provinsie wat 'n gemeenskaplike kultuur- en taalerfenis het. <p>Registrasie en ondersteuning van kultuurrade:</p> <ul style="list-style-type: none"> Dit is die WKKK se taak om kultuurrade te registreer en geregistreeerde kultuurrade te ondersteun. Die DKS hou toesig oor die WKKK se werksaamhede en bied administratiewe en finansiële ondersteuning aan die Kommissie.

2. Wetgewende en beleidsmandate

Die WKKK is in die lewe geroep deur die Wet op die Wes-Kaapse Kultuurkommissie en Kultuurrade, 1998. The WKKK is op 1 Junie 2001 geregistreer as 'n skedule 3C provinsiale openbare entiteit kragtens die WOBF.

Die WKKK funksioneer binne die wetgewende en beleidsmandate wat in die volgende tabel uiteengesit word.

Wetgewing	Verwysing	Hoofverantwoordelikhede van die WKKK
Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999	Wet 1 van 1999	Die WKKK dien kwartaallikse en jaarlikse verslae in oor sy prestasielewering, asook geouditeerde finansiële state wat op die jaarlikse strategiese doelwitte vir die betrokke boekjaar gebaseer is.
Wet op die Wes-Kaapse Kultuurkommissie en Kultuurrade, 1998	Wet 14 van 1998	Die oogmerke van die WKKK is om kultuur in die Wes-Kaap te bewaar, bevorder en ontwikkel, in ooreenstemming met 'n beleid wat deur die LUR bepaal is. Die mandaat van die WKKK is om die LUR oor die bewaring, bevordering en ontwikkeling van kuns en kultuur in die Wes-Kaap te adviseer.
Wet op Tradisionele en Khoi-San-leierskap, 2019	Wet 3 van 2019	Die belangrikste oogmerke van dié Wet is: Om voorsiening te maak vir die erkenning van Khoi-San-leierskap; om die Wet op die Nasionale Raad van Tradisionele Leiers, 2009 en die Wet op Tradisionele Leierskap en Regeringsraamwerk, 2003 te konsolideer; om tekortkomings in die bestaande wetgewing aan te spreek; om aanleiding te gee tot daaropvolgende wysigings aan ander wette.
Wet op Bevordering van Administratiewe Geregtheid, 2000	Wet 3 van 2000	Hierdie Wet: <ul style="list-style-type: none"> • sit die reëls en riglyne uiteen wat administrateurs moet volg wanneer hulle besluite neem; • vereis van administrateurs om mense te verwittig van hul reg om te appelleer en om redes aan te vra; • vereis van administrateurs om redes vir hul besluite te verskaf; en • gee lede van die publiek die reg om administrateurs se besluite in die hof uit te daag.
Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000	Wet 2 van 2000	Hierdie Wet gee uitvoering aan die reg om toegang te hê tot rekords wat in besit van die staat, regeringsinstellings en privaat liggame is. Die entiteit moet onder meer: <ul style="list-style-type: none"> • 'n handleiding saamstel wat aan lede van die publiek verduidelik hoe om aansoek te doen om toegang tot inligting te verkry wat in die entiteit se besit is; • 'n inligtingsbeampte aanstel om aansoeke om toegang tot inligting te verkry wat in die entiteit se besit is, te oorweeg.
Wet op Gebruiklike Inisiasie	Wet 2 van 2021	Hierdie Wet maak voorsiening vir die doeltreffende regulering van gebruiklike inisiasiepraktyke; vir die stigting van 'n nasionale inisiasie-oorsigkomitee en 'n provinsiale inisiasiekoördineringskomitee en hul funksies; vir die verantwoordelikhede, rolle en funksies van die onderskeie rolspelers wat direk of by die bestuursaspekte van inisiasiepraktyke betrokke is; vir die doeltreffende regulering van inisiasieskole; vir die regulerende magte van die Minister en Premiers; vir die monitering van die implementering van hierdie Wet; vir provinsiale uniekheid; en vir sake wat daarmee verband hou.
Hersiene Witskrif oor kuns, kultuur en erfenis		Die hersiene Witskrif is in 2018 deur die Kabinet goedgekeur na aanleiding van 'n sosio-ekonomiese impakstudie wat deur die Suid-Afrikaanse Kultuurobservatorium gedoen is. Dit sit die beleidsdoelwitte uiteen, met die oog op die strategiese waarde van kuns, kultuur en erfenis. Dit fokus ook op die naatlose integrasie van die Nasionale Ontwikkelingsplan – die strategie vir sosiale kohesie en nasiebou – wat die visie en strategiese doelwitte van die DKS inspireer.

3. Institusionele beleide en strategieë oor die vyfjaarbeplanningstydperk

Beleide wat 'n doeltreffende kontantbestuurstelsel ondersteun en leiding aan werksaamhede gee, word in die volgende tabel bespreek.

Beleid	Beskrywing
Gedragkode vir WKKK-lede	Die hoofdoel van hierdie Kode is om voorbeeldige gedrag onder lede aan te moedig sodat die WKKK geloofwaardigheid kan hê.
Beleid vir die Registrasie en Deregistrasie van Kultuurrade	Hierdie beleid maak voorsiening vir die registrasie van kultuurrade wat mense met 'n gemeenskaplike kultuur- of taalerfenis kan verteenwoordig. Dit gee uitvoering aan die beginsels van respek vir en koestering, ondersteuning en beskerming van kulturele diversiteit in die Wes-Kaap en Suid-Afrika in die geheel. Dié beleid stel ook die WKKK in staat om kultuurrade te deregistreer as daar goeie redes daarvoor is.
Kultuurfasiliteite-gebruiksbeleid	Dié beleid voorsien 'n raamwerk waarbinne die Rekenpligtige Gesag van die WKKK inkomste ekonomies en doeltreffend moet bestuur, en moedig die volle benutting van bates onder die Kommissie se beheer aan.
WKKK-delegerings	Delegering van gesag wat deur die Rekenpligtige Beampte uitgereik is kragtens artikel 44(1) en 44(2) van die WOFB.
Wesentlikheids-raamwerk	Die Rekenpligtige Gesag, tesame met die Uitvoerende Gesag, moet 'n raamwerk van aanvaarbare vlakke van wesentlikheid en betekenis ontwikkel in oorlegpleging met eksterne ouditeure.
Bedrogvoorkomingsplan	Hierdie beleid verskaf reaksiemeganismes om insidente van bedrog wat die WKKK raak, te rapporteer, te ondersoek en op te los.
Bestuur van debiteure	Die Rekenpligtige Gesag moet debiteure, wat die kultuurfasiliteite gebruik, bestuur.
Vergoeding van lede	Om voorsiening te maak vir die vergoeding van WKKK-lede wat genomineer is om konferensies, projekte, vergaderings en werksessie namens die Kommissie by te woon.

Die WKKK sal die nasionale prioriteite in gedagte hou en dit stukrag gee deur sy mandaat.

Die Verenigde Nasies se Volhoubare-ontwikkelingsdoelwitte bestaan uit 17 niebindende globale doelwitte wat in die volgende opsigte in lyn is met die Nasionale Ontwikkelingsplan en die Provinsiale Strategiese Plan:




Volgens die Nasionale Ontwikkelingsplan beoog die regering om die tans hoë werkloosheidskoers, asook die lae vlak van geleterdheid in die land aan te spreek

Die strategiese doelwitte van die WKKK is in lyn met die Nasionale Ontwikkelingsplan en die prioriteite wat in die Mediumtermyn-strategieraamwerk vervat is. Sy werksaamhede is ook in ooreenstemming met die VIP van die Wes-Kaapse Regering ten einde 'n veilige provinsie te skep waar almal floreer.



As gevolg van die uitbraak van die pandemie en die impak daarvan op individue en gemeenskappe, is 'n herstelplan gedurende die tweede jaar van die vyfjaarplan ontwikkel.

Hierdie plan het drie prioriteite wat uit die VIP voortvloei, naamlik werksgeleentheid, veiligheid en welsyn



Die WKKK sal deur middel van sy mandaat daarna streef om inisiatiewe te ondersteun wat positiewe gedrag aanmoedig, sosiale insluiting en welsyn bevorder, en 'n gevoel van trots en geloof sal vestig in mense se vermoë om sukses te behaal ten spyte van swaarkry. Dit gaan bereik word deur die ondersteuning van 'n uiteenlopende verskeidenheid kultuurraadbegunstigdes en -aktiwiteite, en deur die gebruik van die kultuurfasiliteite vir diverse aangeleenthede aan te moedig.

Die opknappings by die kultuurfasiliteite het ten doel om die gebruikers se ervaring te verbeter en om omgewingsvriendeliker te wees. Die installasie van sonpanele en die ondersoeking van alternatiewe waterbronne sal tot die skep van omgewingsvriendelike ruimtes bydra. Die verwydering van asbesprodukte sal gesondheidsrisiko's verder verlaag.

Die Kommissie gaan verder die Oordragbetalingsbegroting van die UOWP van die Departement aanwend om die aanstelling van werklose persone uit die omliggende gemeenskappe by die kultuurfasiliteite te verseker. Dit kan 'n positiewe bydrae lewer tot werkskepping, voedselsekerheid in huishoudings en die herstel van mense se waardigheid.

3.1 Tersaaklike hofbeslissings

n.v.t.

Deel B: Ons strategiese fokus

Die visie van die WKKK is om 'n doeltreffende bydrae te lewer tot die groei en ontwikkeling van 'n dinamiese kulturomgewing, met 'n verenigde Wes-Kaap as oogmerk. Die Kommissie dra by tot die bevordering, ontwikkeling en bewaring van kultuur deur middel van die inisiatiewe en projekte wat hy aanpak. Die huidige omstandighede het die noodsaaklikheid van innovasie, asook die aanspreking van die behoeftes en welsyn van die mense wat hy dien, na vore gebring.

4. Situasionele analise

4.1 Eksterne omgewingsanalise

Die uitbreek van die Covid-19-pandemie en die aankondiging van 'n nasionale ramptoestand het die werksaamhede van die WKKK beïnvloed.

Die WKKK het tydens die Covid-19-pandemie hulp verleen deur die kultuurfasiliteite as isolasiesentrums beskikbaar te stel. Dit het egter 'n negatiewe impak op inkomstegenerering gehad. Indien die inperkingsmaatreëls gehandhaaf word, sal die inkomste vir die jaar toenemend negatief beïnvloed word, aangesien die fasiliteite slegs 50% van hul kapasiteit mag akkommodeer. Daarom is dit noodsaaklik om die bedryfsdoelwitte, naamlik om die gebruik van die fasiliteite te diversifiseer en om innoverend te wees ten einde inkomste te verhoog, uit te voer. Dit sal die weg baan vir vaardigheidsoordrag, en sal indirek tot toerisme en die ekonomie bydra. Nuwe inisiatiewe en vennootskappe met ander regeringsdepartemente en entiteite word ondersoek om die inkomste wat die fasiliteite genereer te verhoog. Die WKKK sal daarop fokus om samewerking met die betrokke munisipaliteite en sosialesektor-inisiatiewe te versterk sodat hulpbronne maksimaal benut kan word.

Hoewel Suid-Afrika 'n nasionale ramp in die vorm van die pandemie beleef het, kan die uitwerking van klimaatsverandering nie geïgnoreer word nie, aangesien die uitputting van natuurlike hulpbronne 'n invloed op ons lewensbestaan en werksaamhede het. Globale klimaatsverandering noodsaak die WKKK om voort te gaan om op omgewingsbeskerming te fokus deur middel van proaktiewe beplanning rakende water- en energiesekerheid by die kultuurfasiliteite. Onshuidigewerklikheid word weerspieël deur die hoë vlakke van werkloosheid, veral onder die jeug, skoolverlatingskoerse wat die hoogste vlakke in 20 jaar bereik het, en die sielkundige uitwerking op individue en families. Die Provinsie het 'n herstelplan ontwikkel om die waardigheid van die inwoners van die Wes-Kaap te herstel, en die WKKK sal voortgaan om hierdie plan in die komende jaar uit te voer.

Die WKKK is daartoe verbind om kuns en kultuur in die Wes-Kaap te bewaar, bevorder en ontwikkel. Om hierdie doel te bereik, sal die Kommissie sy strategieë en praktyke hersien om die optimale benutting van hulpbronne, asook beduidende opbrengs op finansiële beleggings en beleggings in mense te verseker. Om doeltreffend te beplan en innoverend te wees, moet die WKKK kennis neem van die werklikhede sodat sy planne en begroting aangepas kan word om die veranderings waarmee hy gekonfronteer word te akkommodeer.

Die Kommissie sal virtuele toepassings soos Microsoft Teams optimaal benut vir volle sittings en om hul verantwoordelikhede uit te voer. Die Sekretariaat van die WKKK het, deur die gebruik van elektroniese platforms, kommunikasie en die stoor van die Kommissie se inligting en lêers verbeter deur die gebruik van Microsoft Teams en ECM om die bewaring van inligting vir kennisbestuur en bestuursdoeleindes te verseker.

Sosialemediaplatforms sal gebruik word om die werksaamhede van die openbare entiteit en die benutting van die sewe kultuurfasiliteite optimaal te bemark. Wi-Fi is by die fasiliteite beskikbaar, wat kommunikasie en die reaksietyd verbeter, en sodoende dienslewering bevorder. Verder het die omliggende gemeenskappe gratis toegang tot die Wi-Fi om inligting rakende werksaansoeke, asook ander noodsaaklike inligting te bekom.

Die omarming van diversiteit en die aanmoediging van sosiale kohesie is van kardinale belang in hierdie onseker tyd. Die 34 geregistreerde kultuurrade speel 'n deurslaggewende rol in die versterking van verhoudings, die aanmoediging van interaksie tussen verskillende generasies en die fasilitering van die deel van lewenservaring. Dit WKKK het

fondse beskikbaar om geregistreerde kultuurrade met hul kultuurprojekte, konferensies en navorsing te ondersteun ten einde interaksie tussen verskillende gemeenskappe aan te moedig. Die finansiële hulp sal toegespits word op vaardigheidsontwikkeling: Die diverse kultuur- en taalbates sal ingespan word om jongmense op te lei en vaardighede en tradisies te leer. Dit kan tot die stigting van klein ondernemings en moontlike werkskepping in gemeenskappe lei.

Suid-Afrika het tans 'n werkloosheidskoers van ongeveer 45% onder jongmense. Die UOWP is een van die Regering se medium- tot langtermynstrategieë om werkloosheid te verminder en werksgeleenthede vir arm huishoudings en in gemeenskappe wat onder uitdagings gebuk gaan, te skep. Die Kommissie het aan die begunstigdes van die UOWP werkruimte by hul fasiliteite verskaf waar hulle vaardighede kan aanleer wat hulle meer bemerkbaar sal maak vir permanente werksgeleenthede. Hierdie program help ook om die begunstigdes se waardigheid en eiewaarde te herstel en hul sagte vaardighede te ontwikkel. Hul opleiding in instandhoudingswerk help die Kommissie om die kultuurfasiliteite voortdurend op te knap sodat dit hul waarde behou as deel van die Provinsie se bates.


Die veranderings op sosiale gebied stel groter eise om die veiligheid en sekuriteit van kliënte wat die fasiliteite gebruik, personeel wat die huise op die perseel bewoon, en die Kommissie se roerende en onroerende bates te verseker. Die Provinsiale Strategieplan 2020-2025 beskryf hoe Wes-Kaapse gemeenskappe direk en indirek deur misdaad geraak word. Die toename in kriminele aktiwiteite soos diefstal en vandalisme by die fasiliteite noodsaak die installasie van meer gesofistikeerde sekuriteitsmaatreëls om die risiko te verminder. Die WKKK sal verseker dat die fasiliteite veilige ruimtes vir gemeenskappe is waar programme aangebied kan word wat negatiewe sosiale gedrag sal teenwerk.

4.2 Interne omgewingsanalise

Die WKKK is saamgestel ingevolge die Wet op die Wes-Kaapse Kultuurkommissie en Kultuurrade, 1998. Die WKKK is 'n statutêre liggaam wat die Departement, via die LUR, adviseer oor sake wat betrekking het op die ontwikkeling, bevordering en bewaring van kuns en kultuur in die Wes-Kaap.

Die administrasie van die WKKK is gesetel in die DKS en word deur die Sekretariaat bestuur. Daar is reeds begin met die hersiening van die fasiliteite sodat gebruikers se ervaring verbeter kan word. Die WKKK sal nuwe leweringsmodelle ondersoek om die fasiliteite se potensiaal om 'n inkomste te genereer te maksimaliseer sodat dit ekonomies lewensvatbaar sal wees.

Die entiteit se organogram word hieronder weergegee:



Finansies en IT

Die Kommissie se kwartaallikse prestasie word elektronies vasgelê deur middel van EQPRS, en gereelde vergaderings word gehou om bestedingtendense te monitor. Besprekings vir die kultuurfasiliteite word deur middel van 'n aanlyn besprekingstelsel gedoen.

Deel C: Meting van ons prestasie

5. Institusionele programprestasie

Program: Wes-Kaapse Kultuurkommissie


Doelwit: Die ontwikkeling, bevordering en bewaring van kuns en kultuur.

Die WKKK verseker dat inwoners van die Provinsie gelyke geleenthede het om die rustige omgewing wat die kultuurfasiliteite bied te geniet. Verskeie kliënte gebruik die fasiliteite om hul kuns-, kultuur-, sport- en lewensvaardigheidprogramme aan te bied. Dié programme bevorder die welsyn van die deelnemers, wat verskillende sosiale agtergronde het en tot verskillende gemeenskappe behoort. Die kultuurfasiliteite is toegerus om te verseker dat kliënte dit doeltreffend kan gebruik om programme vir aangewese groepe, soos kinders, vroue, jongmense en mense met gestremdhede, aan te bied. Geriewe soos die swembaddens by sommige van die kultuurfasiliteite word gebruik vir programme wat terapeutiese behandeling aan deelnemers bied, veral dié wat fisiek en verstandelik gestremd is. Verder bevorder die rustigheid van die omgewings waar die fasiliteite geleë is, die welsyn van die deelnemers tydens hul besoek.

Die Kommissie, in samewerking met sy belanghebbendes, dra by tot die bevordering van sosiale welsyn deur die beskikbaarstelling van die kultuurfasiliteite, wat aanlyn bespreek kan word.

Die WKKK neem kennis van wêreld- en plaaslike sake wat die inwoners van die Wes-Kaap raak. Die Kommissie verwelkom interregeringsverhoudings en werk sedert die uitbreek van die Covid-19-pandemie saam met die DVOW en die Departement van Gesondheid deur die kultuurfasiliteite as isolasiesentrums beskikbaar te stel vir persone wie se omstandighede nie toelaat dat hulle kan isoleer waar hulle hulle bevind nie.

DIE STATISTIESE DATA RAKENDE DIE AANTAL GEBRUIKERS VIR DIE 2017/2018 - 2020/2021-BOEKJAAR



Die afname in die aantal gebruikers gedurende 2018/2019 en 2019/2020 kan toegeskryf word aan die sluiting van die Okkie Jooste-kultuurfasiliteit vir belangrike verbeterings wat gedurende die 2018/2019-boekjaar aangebring moes word. Dit is die fasiliteit wat die meeste mense kan akkommodeer en waarvoor daar die grootste aanvraag is. Die sluiting van die Schoemanspoort-kultuurfasiliteit en die Bien Donne Herehuis vir belangrike verbeterings gedurende die 2019/2020-boekjaar, asook die uitbraak van die Covid 19-pandemie, het tot 'n afname in gebruikers gelei.

Die benutting van die fasiliteite as isolasiesentrums het 'n onvoorsiene invloed op die beraamde inkomste vir die openbare entiteit gehad, maar het 'n betekenisvolle bydrae tot individue se gesondheid en welsyn gelewer.

Ten spyte van die afname in die aantal gebruikers, het die hersiene tariefstruktuur tot 'n toename gelei in die inkomste wat gedurende die tydperk van 2018 – 2020 gegeneer is, soos hieronder uiteengesit word. Wat die 2020/2021-boekjaar betref, het Covid-19 egter 'n negatiewe uitwerking gehad op die inkomste wat gegeneer is.

2017/2018	2018/2019	2019/2020	2020/2021
R1 786 165	R1 961 910	R2 143 720	R2 500

Uitkomste, uitsette, prestasie-aanwysers en teikens

Uitkomste	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlike teikens						
			Geouditeerde/werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-periode		
				2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	2023/24	2024/25
Diverse kultuur-aktiwiteite in gemeenskappe	Oordrag-betalings aan geregistreerde kultuurrade	Aantal geregistreerde kultuurrade wat deur oordrag-betalings ondersteun is	-	5	7	7	7	9	9
Goed instandgehoue en veilige kultuurfasiliteite	Implementering van goed-gekeurde Instandhoudingsplan	Aantal fasiliteite wat opgeknop of instandgehou is sodat dit geskik en veilig is vir gebruikers	7	7	7	7	7	7	7
Optimale benutting van die kultuurfasiliteite	Benutting van die fasiliteite	Aantal gebruikers wat die kultuurfasiliteite benut	14 500	*15 225	171	*7 993	5 995	**6 595	**7 254

* 50%-afname weens Covid-19-regulasies

** Styg jaarliks met 10%

Aanwysers, jaarlikse en kwartaallikse teikens: 2022/23

Uitset-aanwysers		Uitset-aanwysers	Q1	Q2	Q3	Q4
1.1	Aantal geregistreerde kultuurrade wat deur oordragbetalings ondersteun is	7	-	3	3	1
1.2	Aantal fasiliteite wat opgeknop of instandgehou is sodat dit geskik en veilig is vir gebruikers	7	-	-	-	7
1.3	3 Aantal gebruikers wat die kultuurfasiliteite benut	5 995	-	-	-	5 995

6. Verduideliking van beoogde prestasie oor die medium termyn

Die WKKK streef daarna om deur sy programme en dienste te verseker dat daar interaksie tussen diverse gemeenskappe is en dat hulle aan betekenisvolle aktiwiteite deelneem ten einde sosiale kohesie te bevorder en veiliger en meer koherente gemeenskappe te verseker. Deur die bevordering van gemarginaliseerde en inheemse tale en tradisies, sorg die kultuurrade dat die tradisionele praktyke behoue bly vir toekomstige geslagte, wat dit dan weer moet voortsit. Die entiteit moedig netwerkvorming en samewerkingsooreenkomste tussen die geregistreerde kultuurrade aan om sosiale kohesie in en tussen gemeenskappe te bevorder.

Dit het noodsaaklik geword om die huidige inkomstepatrone en -struktuur, asook die gebruik en doel van die kultuurfasiliteite te herevalueer. Die fasiliteite se potensiaal om die welsyn van die samelewing te bevorder, word erken en moet ondersoek word. Ons sal uitvoering gee aan hierdie visie deur middel van die PAD-proses wat geïmplementeer is. Die Kultuurfasiliteite-gebruiksbeleid is aangepas sodat dit inklusiewer is ten opsigte van organisasies en maatskappye in die sektor. 'n Konsepbehuisingbeleid is opgestel om praktyke by die fasiliteite te reguleer.

Die samewerkingsooreenkomste met die DVOW en ander vennote sal daartoe bydra dat die kultuurfasiliteite vir diverse aktiwiteite gebruik word.

INTERNE UITDAGINGS

Die Kommissie sal voortgaan met virtuele vergaderings, wat tydens die Covid-19-pandemie geïmplementeer is. Die Departement sal toegang vir lede verseker deur opleiding in die gebruik van Microsoft Teams te verskaf. Voorsiening is gemaak om lede te vergoed vir die data wat hulle gebruik om hul werk vir die Kommissie op hierdie virtuele platforms te verrig.

Die daaglikse instandhouding van die fasiliteite word in die instandhoudingsplan vir elke fasiliteit uiteengesit. Dit is egter 'n uitdaging, aangesien die inkomste wat uit die gebruik van die fasiliteite gegenereer word, negatief beïnvloed word deur die Covid-19-regulasies, asook die feit dat die fasiliteite nie tans 'n addisionele inkomste kan genereer nie.

7. Hulpbronorweging

Begrotingstoewysing vir entiteit volgens die RNU en/of RPIU

Versoening van die prestasietekens met die begroting en MTUR

Geskatte uitgawes

Program	Geouditeerde uitkoms			Beraamde koste	Geraamde mediumtermynuitgawes		
	R duisend	2018/19	2019/20		2020/21	2021/22	2022/23
Wes-Kaapse Kultuurkommissie	4 803	3 650	2 276	2 700	2 730	3 337	3 458
Subtotaal	4 803	3 650	2 276	2 700	2 730	3 337	3 458
Direkte aanslae teen die Nasionale Inkomstefonds	-	-	-	-	-	-	-
Totaal	4 803	3 650	2 276	2 700	2 730	3 337	3 458
Ekonomiese klassifikasies							
Huidige betalings	4 653	3 560	2 082	2 490	2 520	3 127	3 248
Vergoeding van werknemers							
Goedere en dienste waaronder:							
Kommunikasie			1		15	20	25
Rekenaardienste	18	20	22	25	30	35	40
Konsultante, kontrakteurs en spesiale dienste	63	96	33	40	74	146	153
Inventaris							
Instandhoudings-, herstel- en lopende koste							
Bedryfshuurooreenkomste							
Bedryfshuurooreenkomste	51	44	-	96	51	100	105
Ouditgelde	94	63	69	60	85	110	115
Advertensies							
* Ander	4 427	3 337	1 957	2 269	2 265	2 716	2 810
Rente en huurinkomste op grond							
Finansiële transaksies in bate en laste							
Oordragte en subsidies aan:	150	90	194	210	210	210	210
Provinsies en munisipaliteite							
Departementele agentskappe en rekeninge							
Universiteite en teknikons							
Openbare korporasies en privaat ondernemings							
Buitelandse regerings en internasionale organisasies							
Niewinsgewende instellings	150	90	194	210	210	210	210
Huishoudings							
Betalings vir kapitaalbate	-	-	-	-	-	-	-
Geboue en ander vaste strukture							
Masjinerie en toerusting							
Ontwikkelde bates							
Sagteware en ander ontasbare bates							
Grond en ondergrondse bates waaronder: Gekapitaliseerde kompensasie							
Totaal	4 803	3 650	2 276	2 700	2 730	3 337	3 458

*Ander sluit lopende koste vir die kultuurfasiliteite in

Die totale begrotingstoewysing vir die werksaamhede van die WKKK vir die 2022/2023-boekjaar sluit die bedryfsbegroting van R624 000 in wat aan die Kommissie toegewys is om sy mandaat, soos uiteengesit in die Wet op die Wes-Kaapse Kultuurkommissie en Kultuurrade, 1998, uit te voer.

Dit sluit 'n toewysing van R210 000 in vir ondersteuning wat die Kommissie aan geregistreeerde kultuurrade verleen om hul kultuurpraktyke en tradisies te ontwikkel, bevorder en bewaar deur middel van projekte, konferensies en navorsing.

8. Opgedateerde sleutelrisiko's

Uitkoms	Sleutelrisiko	Risikoversagting
Optimale benutting van die kultuurfasiliteite	Onvoldoende huur-inkomste om die instandhoudingskoste van die fasiliteite te dek.	Hersiening van bespreking- en tariefstelsel. Die kultuurfasiliteite-gebruiksbeleid is gewysig en geïmplementeer in ooreenstemming met die aanlyn besprekingstelsel. Fasiliteite wat vir verskillende doele gebruik word. Die Kommissie sal die huidige tariewe hersien en die moontlikheid ondersoek om dit op 'n jaarlikse basis te wysig - na gelang van die ekonomiese klimaat.

9. Infrastruktuurprojekte

Die Kommissie dien jaarliks hul opknappingsversoeke deur middel van die GBBP in vir oorweging deur die DVOW. Die opknapping van die sewe kultuurfasiliteite geskied in samewerking met die DVOW, wat by die WKKK betrokke is en jaarliks infrastruktuurprojekte identifiseer na gelang van die beskikbare begroting. Die beoogde opknappings en verbeterings, wat jaarliks deur die WKKK in die GBBP aangeteken word, is gebaseer op terugvoering wat verkry is van kliënte wat die onderskeie fasiliteite gebruik het. Dit word ook aangedryf deur terreininspeksies wat deur beamptes van die Departement en lede van die Kommissie gedoen word.

Kliënte se behoeftes en hoë eise ten opsigte van sekere van die fasiliteite speel ook 'n rol in die besluite wat oor opknappings geneem word.

No	Naam van projek	Program	Projek-beskrywing	Uitsette	Aanvangsdatum van projek	Datum waarop projek voltooi moet wees	Totale beraamde koste	Huidige jaar se uitgawes
	Koekenaap-kultuurfasiliteit	Opknapping van infrastruktuur	Vervang heining en hek	Veiligheid en sekuriteit sal verbeter word	2022/04/04	2022/06/03	R2 400 000	2022/23

RUIMTELIKE BELYNING

Die fasiliteite is in die volgende streke geleë::

Kulturfasiliteit	Distrik	Plaaslike munisipaliteit	Beoogde verandering
Schoemanspoort	Tuinroete	Oudtshoorn	Herbelyning van gebruik
Melkbos Oppie See	Stad Kaapstad	Blouberg	Herbelyning of uitbreiding van gebruik
Melkbos Kultuursentrum	Stad Kaapstad	Blouberg	Opknapping van staatsbehuising se dakke
Okkie Jooste	Kaapse Wynland	Stellenbosch	Verwydering van asbesdak en -geute
Groot Drakenstein	Kaapse Wynland	Drakenstein	Opknapping van wateropgaartenks

10. Openbare-privaat vennootskappe

OPV	Doel	Uitsette	Huidige waarde van ooreenkoms	Einddatum van ooreenkoms
n.v.t.				

Deel D: Beskrywing van tegniese aanwysers (BTA)

A

DEEL D: BESKRYWING VAN TEGNIESE AANWYSERS (BTA)

Aanwysernommer	1.1			
Aanwysertitel	Aantal geregistreerde kultuurrade wat deur oordragbetalings ondersteun word			
Kort definisie	Om finansiële hulp aan geregistreerde kultuurrade te verleen			
Hoofbegunstigdes	Kultuurrade en lede van die publiek			
Doelwit	Om gemeenskappe in staat te stel om toegang tot kennis en inligting te verkry en om koherente gemeenskappe te bevorder			
Databron	Indiening, verstandhoudingsmemorandums, bewyse van betalings			
Berekeningsmetode	Tel van verslae			
Berekeningstipe	<input type="checkbox"/> Kumulatief	<input type="checkbox"/> Jaareinde	<input type="checkbox"/> Jaar tot op datum	<input checked="" type="checkbox"/> Nie-kumulatief
Verslagsiklus	<input type="checkbox"/> Kwartaalliks	<input type="checkbox"/> Halfjaarlik	<input checked="" type="checkbox"/> Jaarlik	<input type="checkbox"/> Tweejaarlik
Verlangde prestasie	<input type="checkbox"/> Hoër as teiken	<input checked="" type="checkbox"/> Op teiken	<input type="checkbox"/> Laer as teiken	
Aanwyser-verantwoordelikheid	Verantwoordelikebestuurder			
Ruimtelike transformasie	Ruimtelikettransformasie-prioriteite: Beskrywing van ruimtelike impak: Bewaar gemeenskappe se kultuurtradisies			
Ruimtelike konteks (Van toepassing waar produkte en dienste gelewer word, spesifiek aan die publiek)	Number of locations:	<input type="checkbox"/> Enkele ligging	<input checked="" type="checkbox"/> Verskeie liggings	
	Omvang:	<input type="checkbox"/> Provinsiaal <input type="checkbox"/> Distrik	<input checked="" type="checkbox"/> Plaaslike munisipaliteit <input type="checkbox"/> Wyk	<input type="checkbox"/> Adres
	Detail / Adres / Koördinate:			
	Vir verskeie leweringspunte sal dit in die Jaarlikse Bedryfsplan (JBP) ingesluit word			
	<input type="checkbox"/> Nee		<input type="checkbox"/> Ja	
Opsomming van begunstigdes (Menseregtegroepe, waar van toepassing)	Teiken vir vroue: n.v.t. Teiken vir jongmense: n.v.t. Teiken vir mense met gestremdhede: n.v.t. Teiken vir ouer persone: n.v.t.			
Herstelplan se fokusareas	<input type="checkbox"/> Werkseleenthede	<input type="checkbox"/> Veiligheid	<input checked="" type="checkbox"/> Welsyn	<input type="checkbox"/> Nuwe werkswyse
Aannames	Voldoende finansiële en menslike hulpbronne			
Verifikasie metode	Verslae en bewyse van betalings			
Databeperkings	N.v.t.			
Tipe aanwyser	Is dit 'n diensleweringsaanwyser?			
	<input type="checkbox"/> Nee		<input type="checkbox"/> Ja, direkte dienslewering	
	Is dit 'n vraagedrewe aanwyser?			
<input checked="" type="checkbox"/> Ja, vraagedrewe		<input type="checkbox"/> Nee, nie vraagedrewe nie		
COVID-19-verband	<input type="checkbox"/> Ja	<input checked="" type="checkbox"/> Nee		
Implementering Data - JBP (Belangrikste lewerbare produkte en dienste)	Ooreenkomstig met die Jaarlikse Bedryfsplan			

Aanwysernommer	1.2			
Aanwysertitel	Aantal fasiliteite wat opgeknop en instandgehou moet word sodat dit geskik en veilig is vir gebruikers			
Kort definisie	Om fasiliteite in so 'n mate in stand te hou dat dit aan kliënte se behoeftes voldoen en gebruikers se veiligheid verseker			
Hoofbegunstigdes	Gebruikers			
Doelwit	Om inwoners bloot te stel aan 'n omgewing wat nuwe waardes en waardering sal kweek, en tot 'n afname in sosiale euwels sal lei			
Databron	Instandhoudingsplan			
Berekeningsmetode	Fakture en kontrakte			
Berekeningstipe	<input type="checkbox"/> Kumulatief	<input type="checkbox"/> Jaareinde	<input type="checkbox"/> Jaar tot op datum	<input checked="" type="checkbox"/> Nie-kumulatief
Verslagsiklus	<input type="checkbox"/> Kwartaalliks	<input type="checkbox"/> Halfjaarliks	<input checked="" type="checkbox"/> Jaarliks	<input type="checkbox"/> Tweejaarliks
Verlangde prestasie	<input type="checkbox"/> Hoër as teiken	<input checked="" type="checkbox"/> Op teiken	<input type="checkbox"/> Laer as teiken	
Aanwyser-verantwoordelikheid	Verantwoordelikebestuurder			
Ruimtelike transformasie	Ruimtelikettransformasie-prioriteite: Beskrywing van ruimtelike impak: Alle gemeenskappe het gelyke toegang tot die fasiliteite en regeringshulpbronne			
Ruimtelike konteks (Van toepassing waar produkte en dienste gelewer word, spesifiek aan die publiek)	Number of locations:	<input type="checkbox"/> Enkele ligging	<input checked="" type="checkbox"/> Verskeie liggings	
	Omvang:	<input type="checkbox"/> Provinsiaal <input type="checkbox"/> Distrik	<input checked="" type="checkbox"/> Plaaslike munisipaliteit <input type="checkbox"/> Wyk	<input type="checkbox"/> Adres
	Detail / Adres / Koördinate:			
	Vir verskeie leweringspunte sal dit in die Jaarlikse Bedryfsplan (JBP) ingesluit word			
	<input type="checkbox"/> Nee		<input type="checkbox"/> Ja	
Opsomming van begunstigdes (Menseregtegroepe, waar van toepassing)	Teiken vir vroue: n.v.t. Teiken vir jongmense: n.v.t. Teiken vir mense met gestremdhede: n.v.t. Teiken vir ouer persone: n.v.t.			
Herstelplan se fokusareas	<input type="checkbox"/> Werksgeleenthede	<input type="checkbox"/> Veiligheid	<input checked="" type="checkbox"/> Welsyn	<input type="checkbox"/> Nuwe werkswyse
Aannames	Fasiliteite sal gebruik word			
Verifikasie metode	Statistieke van inkomste en gebruikers			
Databeperkings	Gebruik van fasiliteite			
Tipe aanwyser	Is dit 'n diensleweringsaanwyser?			
	<input type="checkbox"/> Nee		<input type="checkbox"/> Ja, direkte dienslewering	
	Is dit 'n vraaggedrewe aanwyser?			
	<input checked="" type="checkbox"/> Ja, vraaggedrewe		<input type="checkbox"/> Nee, nie vraaggedrewe nie	
COVID-19-verband	<input type="checkbox"/> Ja	<input type="checkbox"/> Nee		
Implementering Data - JBP (Belangrikste lewerbare produkte en dienste)	Ooreenkomstig met die Jaarlikse Bedryfsplan			

Aanwysernommer	1.3			
Aanwysertitel	Aantal gebruikers wat die kultuurfasiliteite gebruik			
Kort definisie	Om die kultuurfasiliteite vir verskeie aktiwiteite te gebruik om die kliëntebasis te vergroot			
Hoofbegunstigdes	Kinders, jongmense, vroue, mense met gestremdhede, lede van die publiek en gebruikers uit sake- en ander sektore			
Doelwit	Om inwoners bloot te stel aan 'n omgewing wat nuwe waardes en waardering sal kweek, en tot 'n afname in sosiale euwels sal lei			
Databron	Besprekingsverslag - aantal gebruikers			
Berekeningsmetode	Tel en aanteken			
Berekeningstipe	<input type="checkbox"/> Kumulatief	<input type="checkbox"/> Jaareinde	<input type="checkbox"/> Jaar tot op datum	<input checked="" type="checkbox"/> Nie-kumulatief
Verslagsiklus	<input type="checkbox"/> Kwartaalliks	<input type="checkbox"/> Halfjaarlik	<input checked="" type="checkbox"/> Jaarlik	<input type="checkbox"/> Tweejaarlik
Verlangde prestasie	<input type="checkbox"/> Hoër as teiken	<input checked="" type="checkbox"/> Op teiken	<input type="checkbox"/> Laer as teiken	
Aanwyser-verantwoordelikheid	Verantwoordelikhedsbestuurder			
Ruimtelike transformasie	Ruimteliketransformasie-prioriteite: Beskrywing van ruimtelike impak: Die aanlyn besprekingstelsel gee alle inwoners van die Provinsie gelyke geleenthede om die geriewe wat die sewe kultuurfasiliteite bied te bespreek en te geniet.			
Ruimtelike konteks (Van toepassing waar produkte en dienste gelewer word, spesifiek aan die publiek)	Number of locations:	<input type="checkbox"/> Enkele ligging	<input checked="" type="checkbox"/> Verskeie liggings	
	Omvang:	<input type="checkbox"/> Provinsiaal <input type="checkbox"/> Distrik	<input checked="" type="checkbox"/> Plaaslike munisipaliteit <input type="checkbox"/> Wyk	<input type="checkbox"/> Adres
	Detail / Adres / Koördinate:			
	Vir verskeie leweringspunte sal dit in die Jaarlikse Bedryfsplan (JBP) ingesluit word			
	<input type="checkbox"/> Nee		<input type="checkbox"/> Ja	
Opsomming van begunstigdes (Menseregtegroepe, waar van toepassing)	Teiken vir vroue: n.v.t. Teiken vir jongmense: n.v.t. Teiken vir mense met gestremdhede: n.v.t. Teiken vir ouer persone: n.v.t.			
Herstelplan se fokusareas	<input type="checkbox"/> Werksgeleenthede	<input type="checkbox"/> Veiligheid	<input checked="" type="checkbox"/> Welsyn	<input type="checkbox"/> Nuwe werkswyse
Aannames	Besprekings sal toeneem en die kliëntebasis sal vergroot			
Verifikasie metode	Databasis			
Databeperkings	Gebruik van fasiliteite			
Tipe aanwyser	Is dit 'n diensleweringaanwyser?			
	<input type="checkbox"/> Nee		<input type="checkbox"/> Ja, direkte dienslewering	
	Is dit 'n vraaggedrewe aanwyser?			
<input checked="" type="checkbox"/> Ja, vraaggedrewe		<input type="checkbox"/> Nee, nie vraaggedrewe nie		
COVID-19-verband	<input checked="" type="checkbox"/> Ja	<input type="checkbox"/> Nee		
Implementering Data - JBP (Belangrikste lewerbare produkte en dienste)	Ooreenkomstig met die Jaarlikse Bedryfsplan			

BYLAES TOT DIE JAARLIKSE PRESTASIEPLAN

Bylae A: Veranderings aan die Strategiese Plan

n.v.t.

Bylae B: Voorwaardelike toelaes

n.v.t.

Bylae C: Gekonsolideerde aanwysers

n.v.t.

Bylae D: Distriksontwikkelingsmodel

Areas van ingryping (voorbeelde)	Medium termyn (drie jaar - MTUR)					
	Projek-beskrywing	Begrotings-toewysing	Distriks-munisipaliteit	Ligging: GPS-koördinate	Projek-leier	Sosiale vennote
	Instandhouding van fasiliteite	2020/21: R 3 014m	Stad Kaapstad		Craig Johnson	Stellenbosch Munisipaliteit
		2021/22: R 3 170m	Kaapse Wynland			Landbou-navorsings-raad
		2022/23: R2 730 m	Tuinroete Weskus			



URhulumente
weNtshona Koloni

IMicimbi yeNkcubeko neMidlalo

**IsiCwangciso
sokuSebenza
soNyaka
2022/2023**

I ngxelo yoGunyaziwe wesiGqeba

Iinjongo zeqhinga ezicetywayo zeKhomishoni yeNkcubeko yeNtshona Koloni (WCCC) zihambelana kunye namagunya nemisebenzi njengoko ichazwe kuMthetho weKhomishoni yeNkcubeko yeNtshona Koloni namaBhunga eNkcubeko, 1998 (uMthetho 14 we-1998). Ukusebenzela ukugcina, ukukhuthaza nokuphuhlisa inkcubeko, injongo yeWCCC kukecebisa uMphathiswa ngemiba yobugcisa nenkcubeko eNtshona Koloni. Ngokusebenziswa kweli qhinga kunye nemisebenzi yalo, iWCCC izamela ukuphakamisa inqanaba lolwazi nomanyano phakathi kweengigqi zoluntu lwenkcubeko eyahlukeneyo zephondo.

Esi siCwangciso soNyaka sokuSebenza sixhabe ukunikezela ngeengeniso ezenziweyo kwiminyaka nokwandlelana amaqhinga ethu ukyila ubume bethu obuncedayo kubandakanyo lwentlalo nempilo-ntle sinakho ukuzamela ukusebenzisa imisebenzi eyahlukeneyo kunye nnenkqubo.

UKuzalisekiswa kweemfuno zecandelo 55 (1) (d) zoMthetho weMimiselo yeCandelo loLawulo-mali leSizwe, iWCCC ingenisa iingxelo zarhoqo ngekota nezonyaka ngokusebenza kwalo kunye neengxelo zemali eziphicothiweyo ezisekwe kwinjongo yeqhinga nekujoliswe kuko konyaka-mali. Njengoko iKomiti eSigxina yePalamente yePhondo leNtshona Koloni isebenzisa indima yayo yolongamelo, sizimisele ukugcina iWCCC inoxanduva ngenkonzo yayo ebonakala kakhulu kubo bonke abo babiza iNtshona Koloni njengekhaya.

Njengoko sithe sathintela, salungelelanisa, salungisa saze savuselela, ndithabatha eli thuba okokuba ndibulele ngentliziyo yam yonke amalungu asebenza kwiKhomishoni yeNkcubeko yeNtshona Koloni ngomnikelo oxabisekileyo kubandakanyo lwenkcubeko yalo lonke uluntu oluseNtshona Koloni. Ngethuba xa sithe asabandakanyeka ngomzimba, kodwa sisasele siqhagamshelene nokwentlalo yaye iWCCC iba ngungqa phambili ekuyileni amathuba amaninzi seyantlukwano ebandakanyayo kwicandelo lobugcisa nenkcubeko.

AMarais

ANROUX MARAIS

UGunyaziwe wesiGqeba weKhomishoni yeNkcubeko yeNtshona Koloni

I ngxelo yoGunyaziwe wokuNikwa kweNgxelo

Kuyandonwabisa kakhulu ukwandlala isiCwangciso soNyaka wokuSebenza seKhomishoni yeNkcubeko yeNtshona Koloni 2022/2023. IKhomishoni yeNkcubeko yeNtshona Koloni (WCCC) lishishini likarhulumente elinguShedyuli 3C eliphantsi kweSebe leMicimbi yeNkcubeko neMidlalo. Isigunyaziso seKhomishoni sichazwa nguMthetho weKhomishoni yeNkcubeko yeNtshona Koloni kunye namaBhunga eNkcubeko, uMthetho we-14 we-1998. Imisebenzi yeshishini ilungelelaniswe ngokunjalo kwisiCwangciso seQhinga seWCCC 2020-2025, kwisiCwangciso seQhinga lePhondo loRhulumente weNtshona Koloni sowama-2019-2024.

Nangona ingqalelo yempembelelo yemingeni yemali karhulumente ejamelene namashishini karhulumente, iWCCC iya kusoloko izama ukusebenzisa izibonelelo zayo ngokufanelekileyo ukunika uncedo kwisigunyaziso seWCCC. Uhlalo lwabiwo-mali lwenkcitho yesithuba esiphakathi sonyaka-mali wama-2022/2023, luya kulungelelaniswa kwiinjongo ngokupheleleyo ukulungiselela ukuqhubeka kukhuthazwa uhambelwano lwentlalo nokuqinisekisa ngeengingqi zoluntu ezikhuselekileyo ngokusetyenziswa kweenkqubo zayo kunye neenkonziso ngokusetyenziswa kwemibutho yenkcubeko. IWCCC ijolise ngokunjalo ekwandiseni ukusetyenziswa kwezibonelelo zethu zenkcubeko ukukhuthaza iinkqubo ezahlukeneyo ezithi zinikele ekukhutazeni inkcubeko nophuhliso lwamakhono.

IWCCC kunye namagosa esebe azibophelele ekunikezeleni ngeeprojekti neenkqubo eziboniswe kule APP ngokusebenzisa izibonelelo ezikhoyo yaye aya kuqhubeka enxibelelana ngothelwano neSebe lezoThutho neMisebenzi kaRhulumente kunye neSebe leMicimbi yeNkcubeko neMidlalo ukukhulisa nokwandisa amalinge amaninzi.

IKhomishoni iya kuqhuba iiseshoni ezininzi zothethwano kunye nabachaphazelekayo njengethuba lokunxibelelana nokutsala umdla wabachaphazelekayo abatsha nokulungiselela ngoko ukwakha uthelelwano olutsha kunye namashishini engingqi kunye nabapapashi bendaba. Oku kubonakala kweKhomishoni, ingakumbi kwiingingqi zoluntu esebenza kuzo, kunyanzelekile kuphuhliso nasekuzinzisweni kwenkcubeko nokuqaliswa kweendawo ezintsha apho amathuba ebengafumaneki ngaphambili.

Ndayaluvuma uncedo yaye ndinikezela umbulelo wam kuMphathiswa weMicimbi yeNkcubeko neMidlalo, uNksk. Anroux Marais ngesikhokhelo sakhe nenkxaso, kwiLungu leKomiti eSigxina elungiselelwe yesikhokhelo sabo sokongamela, kumagosa eDCAS ngoncedo lwawo, kumalungu eKhomishoni endisebenza nawo ngenkxaso yawo kunye nendlela yobuchule yokuqhuba umsebenzi wawo.



Mandla Mbothwe

USihlalo: IKhomishoni yeNkcubeko yeNtshona Koloni

Egameni loGunyaziwe oNika iNgxelo

UTyikityo

Kuyaqinisekiswa okokuba esi siCwangciso soNyaka sokuSebenza:

- Saphuhliswa ngabalawulo beKhomishoni yeNkcubeko yeNtshona Koloni phantsi kwesikhokelo soMphathiswa.
- sicamngce yonke imigaqo-nkqubo efanelekileyo, imithetho kunye namagunya apho iKhomishoni yeNkcubeko yeNtshona Koloni inoxanduva khona; kwaye
- ibonakalisa ngokuchanekileyo iPembelelo, iziPhumo kunye neziQhamo apho iKhomishoni yeNkcubeko yeNtshona Koloni iya kuzama ukukusifezekisa kwisithuba sonyaka-mali wama- 2022/2023.

Brenda Rutgers:
IGosa eliyiNtloko leMali



Mandla Mbothwe
USihlalo: WCCC



Guy Redman:
IGosa eliNika iNgxelo: DCAS



Yankelwe ngu:
Anroux Marais:
UGunyaziwe weSigqeba weWCCC



Okuqulathiweyo

ICandelo A: IsiGunyaziso sethu

1.	Isigunyaziso soMgaqo-siseko	6
2.	Izigunyaziso zomthetho nezomgaqo-nkqubo	7
3.	ImiGaqo-nkqubo yeZiko kunye namaQhinga kwisithuba socwangciso seminyaka emihlanu	8
3.1 I	ziGwebo ezifanelekileyo zeNkundla	9

ICandelo B: EkuJoliswe kuko liQhinga lethu

4.	Uhlalelo lwesimo	10
4.1	Uhlalelo lweSimo lwaNgaphandle.....	10
